

TEKS 1

Iewers tussen oordrewe reëls en géén reëls

Annemarie van der Walt



- 1 Die kind wil nie skool toe gaan nie.
- 2 Die twee maande lange vakansie was skynbaar nie uitgereken genoeg nie en anyway is skool vervelig en voorskrywend en voorspelbaar.
- 3 Ek sê vriendelik, dog dringend: "Pak jou tas!"
- 4 Sy druk 'n halwe week se klere en skoene in 'n koshuiskoffer die grootte van 'n smuktassie en vra wat moet sy nog leer wat sy nie reeds weet nie, want dié skool is nie so random om darem geskiedenis as vak aan te bied nie en buitendien word dieselfde geleentheid nie vir kultuurdier gebied as vir rugbyspelers nie.
- 5 Ek stem heelhartig met haar saam. G'n mens kan, onses insiens, 'n behoorlike wêreldbeeld vorm sonder 'n vak soos geskiedenis nie en dis 'n jammerlike aanklag teen 'n vervlakkende samelewing en veral teen 'n staatsbestel in durende ontkenning en ongelukkig sal sy skop teen rugby as Afrikanerkultuur tot die dood se prikkels.
- 6 Maar as sy nie nou haar pakkaas in die motor kry nie, is ek op die punt om ons persoonlike geskiedenis van skietstilstande oor losgemale tot niet te roep.
- 7 By die skool aangekom, is die draaikous-kind net betyds vir die matrieks se saalbyeenkoms waartydens hulle hul gr. 8-skiwi's kan ontmoet.
- 8 Vir my, op die bepaalde dag so onder die indruk van die tyd wat sienderoë jou greep ontsnap, is dit soos tellings later toe sy weer langs my opdoem.
- 9 Sy's uit die saal gejaag.
- 10 Ek blaf: "Vir wat?" en sy bieg stert tussen die bene: "My hare is te rooi."
- 11 Die kind is 17 jaar oud. In die doodsnikke van die eindelose vakansie het sy toestemming gevra of sy haar aarbeiblonde hare 'n tikkie rooier kan laat gloei.
- 12 Rissiepit, het ek gedink, en ja geknik en gemeen in die oorlog van tienerdrange is dit 'n veldslag werd om te verloor.
- 13 "Strepies, soos in high- en lowlights," herhaal die gawe en geduldige onderwyseres, "is aanvaarbaar. Kleur nié."
- 14 My eie hand is in my hare, want ek snap regulasies is nodig en veral in die anargistiese heelal van onderrig in dié land.
- 15 Maar in die hoek van my oog glip 'n meisiekind met strepies in haar hare die saal binne: Swart met spierwit stroke.
- 16 Ek steek my kop domastrant uit die loopgraaf: "En dié klein kwagga is aanvaarbaar? Want dis strepe?"
- 17 En die onderwyseres verklaar moedeloos: "Ek wens ek kon net skoolhou en nie poeliesman speel nie ..."
- 18 En dié sin eggo tot in die haarsalon waar ons die kind se hare skoolgereed kry, dit is in die salvo's van my frustrasie wanneer belaglike reëls en oordrewe kulturele norme voorrang kry bo dit waarna die meeste van ons smag: Toegewyde onderwys.
- 19 Iewers tussen die streng maar meermale kleinsielige dissipline sinoniem met Afrikaanse skole, en boeklose bosskole waar onderwysers én die verantwoordelike departemente gods water oor gods akker laat loop, is die ysingwekkende weg na ons toekoms.

[Beeld 18 Januarie 2012]

TEKS 2

JONATHAN JANSEN

Agt wenke vir alle eerstejaars



Aan alle eerstejaars aan universiteite landwyd: Hartlik welkom! Dit gaan die beste jare van jul lewe wees, maar hou die volgende in gedagte om van jul voorgraadse studie 'n sukses te maak:

Meer as die helfte van julle gaan druipe of uitval of minstens twee kursusse herhaal omdat julle nie die sprong van 'n skool na 'n universiteit kon regkry nie. Studeer van dag een af; ook naweke en vakansies. Daar is eenvoudig te veel werk om soos op skool te studeer.

Die universiteit is die plek om nuwe dinge te probeer. Kry vriende buite jou taal-, godsdiens-, sosiale, politieke en kulturele gemaksones. Moenie net uitgaan met mense wat soos jy lyk en bid en jou taal praat nie; moenie vervelig wees nie.

Raak betrokke by kuns, kultuur, sport, ontspanning, klubs en ander geleenthede wat vir studente beskikbaar is. Wees veral op die uitkyk vir opleidings- of leierskapsontwikkelingsgeleenthede. Jy het nie net vir 'n graad universiteit toe gekom nie; jy moet waarde tot daardie sertifikaat toevoeg.

Studente kom met baie vaste oortuigings universiteit toe. Neem aan dat die helfte van wat jy weet, verkeerd is – en dit is 'n konserwatiewe skatting. Moenie jou waarheid eenvoudig afdwing nie; stel vrae daaroor. Wees agterdogtig oor mense wat te seker van hulself is.

Dit sal jou dalk verras, maar die meeste studente voltooi universiteit sonder om 'n boek van voor tot agter te lees. Maak seker dat jy minstens een keer per maand 'n gevorderde boek oor jou studieveld lees. Die verskil tussen 'n opgevoede mens en iemand met 'n graadsertifikaat is dat eersgenoemde lees.

Moenie die universiteit verlaat sonder om iets te doen wat geen ander student gedoen het nie. Pleks daarvan om jou naam op 'n kampusboom uit te krap – "Koos was hier" – laat iets kreatiefs agter.

Dien saam met 'n paar vriende 'n benadeelde gemeenskap in jou studieveld. Gee jou eie tyd aan diegene in nood.

Maak seker dat jy soveel moontlik geleenthede skep om te lag, te dans, berge te klim, te swem, te hardloop, te braai, te kampeer en sport te doen. Dit sal nie net die druk van jou studie verlig nie, maar ook die eensaamheid verdryf, veral as jy weg van die huis studeer.

[Verwerk uit: *Die Burger* 22 Januarie 2013]

TEKS 3

Is dit nie dalk tyd om 'n nuwe Facebook foto te laai nie?

facebook Search

Samantha Clarr
 Born on March 10, 1991 Add your current work information Add your current city city Edit Profile

Share: Status Question Photo Link Video

What's on your mind?

Samantha Clarr
 I feel like someone's given me a brand new skin. I can't stop looking at it!
 Tuesday at 9:59am · Like · Comment
 Morag Saw likes this.
 Write a comment...

Samantha Clarr
 Why don't I ever seem to have a photo good enough for a profile pic?
 Friday at 7:53am · Like · Comment

Find Friends
 Best Friends
 Coworkers
 Classmates

Friends
 Steven Lipschitz
 Iona Kunneke

ENVIRON
 beta-active

sebumasque
 sebutone
 sebuwash

Durf die wêreld met selfvertroue aan

Velprobleme hoef nie jou sosiale lewe te ontwig nie. Dis tyd dat jy jouself weer op die voorgrond stel met die β -Active-velsorgreëks van Environ. β -Active-velsorgprodukte bevat n reëks weetenskaplik nagevorste bestanddele wat help om jou vel 'n gladde, egalige voorkoms te gee. Dit beteken 'n helder, gesonde gelaat wat op sy beste vertoon. Al wat nou oorbly is om jou ware self aan die wêreld te wys.

ENVIRON
 beta-active

www.environ.co.za www.environsa.mobi 0800 220 402 [South Africa only] tollfree@environ.co.za

TEKS 4

Gebreekte arms demp nie gr. 1's se lus

Anna Pauw

1. PORT ELIZABETH. – Hulle is beenaf en blinkoog oor die groot-skool, maar sal vir eers met een arm elk oor die weg moet kom.

2 *Die Burger* het gister 'n foto geplaas van nie minder nie as vier gr. 1's by Laerskool Lorraine in die Baai wat almal hul

arms in Desember gebreek het.

3 Die eina oor die feestyd het hulle wel gepootjie, maar hul geesdrif is onblusbaar.

4 'n Ongeluk – lui die spreekwoord – lê in 'n klein hoekie, maar Ané Human het agtergekom dat lae muurtjies (en

swaartekrag) ook die weg na die hospitaal kan baan. "Hulle het 'n gaatjie in my arm gesny en pypies ingesit," het sy gespog.

5 Ewald Howard het gesê dit was seer. "Ek het van die hys af tot by die dokter gehyl ..." Hy het trampolien gespring en toe in die gat geval.

6 Jessica van Greunen het vertel sy het met haar fiets om die swembad gery toe sy gegly en afgeval het. "Ek gaan een van die dae dokter toe lat hy kan kyk of dit reg gegroei het."

7 Danél van Loggerenberg kan dalk 'n loopbaan in die sirkus oorweeg. Sy het saam met twee honde op die trampolien gespring toe sy bo-op die een hond beland en toe afgeval het.

8 "Ek het 'n *green stick fracture* (groenhoutbreuk), maar die hond is darem okay."

Met net vier werkende arms tussen dié vier gr. 1's van Laerskool Lorraine is die skoolwerk 'n redelike uitdaging, maar hulle slyp reeds hul tande om weer in die parkie te kan speel. Voor van links is Danél van Loggerenberg en Ané Human. Agter sit Jessica van Greunen en Ewald Howard. Foto: ANNA PAUW



[Verkort uit: *Die Burger* 18 Januarie 2013]

TEKS 5



[Beeld 15 Desember 2012]

TEKS 6A**EN TEKS 6B****Terafim – Eveleen Castelyn****Werkende vrou – Eveleen Castelyn**

voorstedelike huise 1
 onbewoon bedags
 broodwinners in die sweet
 van hulle professies
 in toue stres geknoop 5
 en die kinders bemaak
 aan surrogate
 wat babatjies bewaar
 soos hondjies in kennels
 die goddelike dag lank 10
 tjank by die hek –
 ag, shame!

 Skottelgoed dreun
 in die oopplanne
 mikrogolwe so hoog 15
 as die oog kan sien, tuimel
 die wasgoed, sing die piecejob
 haar pantoffels kniediep
 in die wall-to-wall

 Pa en Ma 20
 werk hulle nog dood
 vir die gesinskamer
 waarin die huisgode staan:
 hoëtrou kompakte skywe
 huisrekenaars video's 25
 verwerkers van woorde
 dekodeerders van beelde
 kultuur van moribukharas
 dhurries en kosmosse
 groei wild op die muur 30

 jaarlikse uittog
 die dag as die skool sluit
 nie 'n minuut later nie,
 na baaie van buffels
 en stilte, trotseer alles 35
 tot haaie en bankbestuurders
 en goue kaarte limiet
 om te vlug
 uit die slawehuis

 vermoeide gesigte 40
 haal die mombakkies
 af van die terafim
 begin ontspan en sug:
 dankie tog!
 Die multiplexpolis 45
 bedek alles

ek het die son gegroet, 1
 my huis, my man,
 die lug se voëls;
 my kind getroos: toe maar
 Mammie sal nou-nou weer kom; 5

 met my koplamp
 en 'n toebroodjeblik
 vir 'n dagskof afgedaal
 in die skag

 en toe ek halfvyf 10
 weer uit die hysbak klim
 was my kind al groot,
 my man was grys
 en die swaels het reeds
 vertrek met die jaar se somervlug 15

[Uit: *Tussen hemel en aarde* 1978][Uit: *Minder as engele* 1990]

TEKS 7**High Roads' Robbery – D.J. Opperman**

Gemasker	1
soos die kroeks by Kimberley	
diamante van die poskoets steel,	
reis ons in <i>High Roads' Readers</i> saam	
met daardie drie:	5
Ou Niek, sy seun Marco en sy oom	
na die domeine van die Koeblai Khan.	
Die son straal op 'n glasalbaster	
waarin kleurspirale krul	
van die Bengaalse tere,	10
en die olifante met trompetter	
die sale vul	
dat lang sysari's en sygordyne	
liggies tril.	
Ons vertel die Grote Khan	15
van die Weste	
en die Lamp van Jerusalem.	
Hy glimlag, laat uit 'n mandjie	
'n stok sissend opkapel	
wat hy in sy hand omklem:	20
Ons hier in die Ooste ken	
banje olies, banje lampe, banje fakkels,	
werwelvure wat tier en mense tem!	
Ons voel so klein,	
so nederig,	25
ons smeek toen maar 'n wurmpie	
wat sari's en gordyne spin.	
A! amper die Grote Khan	
gekul,	
wil met 'n handel	30
teen my ryk begin!	
Ons vra askies! askies!	
en vat ons bamboesstokkies	
(met die papies reeds daarin)	
en buig tot siens! tot siens!	35
en stap en stap al vinniger	
met ons kierang-kierang kierietjies.	

[Uit: *Komas uit 'n bamboesstok* 1979]

TEKS 8**eerste worp – T. T. Cloete**

ons het nie ou katedrale en kastele nie, geen breë riviere bevaarbaar vir groot skepe nie. die min wolke wat ons het, is yl versprei. ons het nie groot metropole nie.	1
ons is sonder groot donkergroen woude. dun is ons geskiedenis met min groot name	5
soos beethoven of dante of rembrandt of bramante	
ons het min onwerklike sagte drome	
maar ons het uitgestrekte woestyne en krom grys bome wat houtbeen vasskop in die droë sand en koets teen die son	10
ons het baie droë lope en oerrivierbeddings met ou inheemse name soos gourits en storievertelname soos skrij of kameelsleep en lijersdraai	15
en baie reste naby aan die eerste worp	
by wêreldseinde in die suisende stil nag hoor jy die jakkalse se fossielskreeu iewers tussen angstjank en primitiewe spotlag	20

[Uit: *Met die aarde gepraat* 1990]**TEKS 9****woord – Niel van Tonder**

hoe lank nog wil jy rondhol rinkink, méér lyn vra jou uit-katerjol?	1
hoekom moet ek met 'n ligte sidder aan dié dun koord jou telkens herinner:	5
die vryheid wat jy geniet geskied binne die perke van vryheid?	
wanneer moet ek hierdie dol en ydel spel beëindig? miskien moet ek dit nou doen, jou blinknat inkatrol want op hierdie wit papierstrand gaan jy my spoedig laat met	10
'n kraaines letters of selfs my dun lyn afsny teen die skerp rotsfettters ...	15
met hierdie spel is té veel speling jou reeds toevertrou	20
met jou moet ek ferm wees: jou einde is nou	

[Uit: *As Hy weer kom* 1975]**Woordverklarings:**

Rinkink (r. 2)	baljaar; uitbundig speel
Ydel (r. 10)	selfingenome, ligsinnig, nutteloos